higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T850**(A**(J26)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

26 Julie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

4.. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Alkohol	A	die uitwerking van hierdie dwelms is dat die gebruiker nie enige pyn, woede of honger ervaar nie. Die uitdrukking is dat mense in zombies verander – die wat lewend dood is
1.1.2	Heroïen, morfien en opium	B	die algemeenste dwelm wat gebruik word en word in 'n verskeidenheid drankies soos bier, whiskey, ensovoorts aangetref
1.1.3	Barbiturate	C	'n kragtige breinstimulant wat selfvertroue verhoog, die gemoedstemming verbeter, moegheid wegneem en 'n gevoel van verhoogde bewustheid skep
1.1.4	Kokaïen	D	kalmeermiddels wat slaap meebring
1.1.5	Amfetamiene	E	verskeie dele van die hennep-plant (Cannabis-familie) wat in baie dele van die wêreld gerook word
1.1.6	Dagga	F	hierdie groep dwelms sluit bensedrien deksedrien en sommige aptyt-onderdrukkers in en hierdie stowwe veroorsaak effekte soortgelyk aan kokaïen
1.1.7	LSD, Meskalien ensovoorts	G	gebruikers asem gom, oplossings, droogskoonmaakmiddels, voedselsproeie ensovoorts in en dit het dieselfde uitwerking as eter of narkose
1.1.8	Snuif van gom	H	die gebruiklike term vir hierdie groep dwelms is hallusinogene, maar dit is slegs deel van hul uitwerking
1.1.9	'Nyaope'	I	'n chemiese stof wat 'n biologiese uitwerking op 'n persoon het
1.1.10	'n Dwelm	J	gewilde dwelm wat rottegif, seeppoeier en antiretrovirale middels bevat

(10 × 1) (10)

1.2 Noem en verduidelik VYF menslike behoeftes soos in Maslow se behoeftehiërargie uiteengesit word. (5 × 2) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Wanneer 'n werknemer 'n werksaanbod ontvang, sal hy 'n indiensnemingskontrak ontvang.

Definieer wat met 'n *indiensnemingskontrak* bedoel word. (2 × 1) (2)

2.2 Wanneer daar kompetisie tussen individue of in 'n groepsituasie , ontwikkel sekere kenmerke en gedrag.

Bespreek hierdie kenmerke en gedrag onder die volgende opskrifte. Gee jou antwoord in tabelvorm.

- Mededingende gedrag
- Samewerkende gedrag (2 × 9) (18)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF kollektiewe bedingingsmeganismes. (5)

3.2 Tabuleer die verskil tussen *algemene toesighouding* en *werknemergesentreerde toesighouding.* (2 × 4) (8)

3.3 'n Goeie toesighouer moet 'deur voorbeeld lei'.

Verduidelik hierdie stelling deur voorbeelde te gee. (7 × 1) (7)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem die amptelike taal wat die meeste in die volgende provinsies gepraat word:

4.1.1 Mpumalanga

4.1.2 Vrystaat

4.1.3 Oos-Kaap

4.1.4 Limpopo

4.1.5 Kwa-Zulu Natal

(5 × 1) (5)

4.2 Noem DRIE faktore wat konflik kan veroorsaak. (3)

4.3 Bespreek faktore wat mense aanmoedig om aan 'n spesifieke groep te behoort. (4 × 1) (4)

4.4 Elke organisasie het 'n persoon nodig om industriële arbeidsverhoudinge te hanteer.

Bespreek hierdie stelling. (3 × 1) (3)

4.5 Noem VYF dienste wat deur 'n OTM verskaf kan word. (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Industriële ongelukke kan in enige werkswinkel of fabriek plaasvind.

Bespreek TWEE aspekte van 'n industriële ongeluk. (3 × 2) (6)

5.2 Noem faktore wat daartoe lei dat persone op 'n onveilige wyse in 'n werkswinkel optree. (4 × 1) (4)

5.3 Noem en beskryf VIER tipes respirators. (4 × 2) (8)

5.4 Noem TWEE tipe brandbestrydingstoerusting wat algemeen in die werksplek gebruik word. (2)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou